

Hoofstuk van die dag: Spreuke 30

> *Elke belofte van God is betroubaar; Hy beskerm dié wat by Hom skuil. (vers 5)*

Liewe Jemen
Baie geluk met Adoniram se verlowing! Ek sal sekerlik die

huweliksluiting kom bywoon. Dit sal vir my heerlik wees om julle weer te sien, en om in julle vreugde te deel.
So, nou betree julle ook die fase van getroude kinders hê. En die fase van grootouer-wees wag hopelik ook net om die draai. Dis wonderlik om ’n kleinkind te hê. Klein Abia is sy oupa se hart se punt. As hy op daardie kort beentjies van hom deur die paleis hardloop en skater van die lag, voel ek ook sommer weer lus vir die lewe. Dis net jammer dat ek nie meer soveel energie het soos wat hy het nie! En stout! Ek sê nou die dag vir Rehabeam hy moet die kêreltjie kortvat, anders gaan hulle later baie probleme met hom hê, soos my pa met my broers gehad het. Maar jy weet hoe vandag se jongmense is. Dink mos hulle weet beter.
Intussen gaan die lewe aan. Ek het verlede maand ’n nuwe verdrag met die Moabiete gesluit, en op die koop toe ’n oulike jong prinsessie as nuwe bruid bygekry. Haar naam is Orpa. Sy is so vol lewenslus en verwondering oor alles. Ek wens ek was ook weer jonk. As ’n mens ouer word, is dit soveel moeiliker om opgewonde te raak oor die lewe, want wat is nou eintlik nuut onder die son?
Wag, ek moet afsluit. Sterkte met al julle reëlings vir Adoniram se huwelik. Ek weet sommer jy sal daarvan ’n baie spesiale okkasie maak.
Dra my groete oor aan jou twee mansmense.
Salomo ben Dawid

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026